

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

TORAH (WET) EN GENADE

LES 6 (Deel 2): HOORDERS EN DADERS VAN TORAH

INLEIDING

1. Die mens het weens sy sondige natuur 'n inherente onvermoë om aan Torah (die wet van YHVH) gehoorsaam te wees. Torah het dus vir die mens 'n skuld- en gewetenslas geword, want die mens het as te ware permanent skuldig gestaan aan die oortreding daarvan. Daarom het Torah 'n vloek vir die mens geword soos in Gal. 3:10 geskryf is: *Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.*
2. Deur volkome Torah-gehoorsaamheid sou die mens wel geregtigheid kon verkry (Rom. 10:5). Volkome gehoorsaamheid, en om dus geregtigheid deur Torah-gehoorsaamheid te verkry, is egter menslik onmoontlik weens die mens se sonde aard en omdat elkeen wat een gebod oortree skuldig is aan oortreding van almal (Gal. 3:11; Jak. 2:10). Die doel waarvoor YHVH Sy Torah gegee het, naamlik om geregtigheid te verkry, is egter wel deur Yeshua moontlik gemaak (tot stand gebring, volbring). Yeshua het as mens volkome Torah-gehoorsaam geleef en was dus as YHVH Yeshua die volmaakte offer vir sonde, want Hy was die onskuldig wat in die plek van die skuldige gesterf het. Daarom is volkome gehoorsaamheid aan Torah slegs moontlik deur geloof in Yeshua Messias. Deur hierdie geloof in Yeshua as die versoeningsoffer ontvang die mens geregtigheid deur Torah wat gepaardgaan met met 'n hartsbegeerte van Torah-gehoorsaamheid. Dit is wat Moses en die profete verkondig het en dit is wat elke Israeliet onder die ou verbond geglo het wanneer daar telkens 'n offer vir oortreding van Torah (vir sonde) gebring was.
3. Israel onder die ou verbond is dus ook deur geloof (in die Messias wat sou kom) en gehoorsaamheid aan Torah gered. Die doel van die wet, naamlik om deur gehoorsaamheid geregverdig verklaar te word, is slegs haalbaar deur geloof in Yeshua as Messias en daarom skryf Paulus: *Want Messias is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.* (Rom. 10:4). Die woord *einde* (*telos*) beteken die *bereiking van dit waarvoor dit bedoel was* en nie die beëindiging (opheffing) daarvan nie. Daarom skryf Paulus:

Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet (Rom. 3:31).

4. Die Israëliete wat Torah-gehoorsaam gelewe het, het Yeshua in Torah 'gesien' en geglo in die Verlosser wat sou kom. Daarom lees ons in Joh. 1:46 – *Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.* Hulle het nou die keuse gehad om Yeshua, die Lewende Torah, te volg of om hulle oë en ore vir die waarheid te sluit. Vandag het ons ook die keuse om in Yeshua, die vleesgeworde Torah, te glo wat al die onderrig en instruksies van YHVH kom bevestig het (Matt. 5:17 en 18) of om dit te verwerp deur te verklaar ons is vry van die wet!
5. Hoewel ons alleenlik deur geloof geregverdig word, leer die Skrifte dat die mens wat hierdie dinge, naamlik Torah doen, sal daardeur (daarvolgens) lewe (Gal. 3:12). Verwys ook Lev. 18:4 en 5 – *Hou dan my insettinge en my verordeninge **wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe.*** Hierdie lewe (in beide Skrifgedeeltes) verwys na die lewe as 'n geregverdigde en beteken *om te lewe, lewe te hê, aan die lewe te bly, lewe te onderhou, voorspoedig te lewe en om herstel te word tot lewe en gesondheid.* Lees ook Eseg. 20:11, 13 en 21.
6. Torah is deur YHVH aan die mens gegee vir sy welsyn. Dit is YHVH se praktiese handleiding vir ons lewe hier op aarde. Die mens wat Torah onderhou (nougeset daarvolgens wandel) sal daarom welgeluksalig wees, naamlik voorspoedig in alles wees wat hy doen (Ps. 1:1 tot 3; Jos. 1:7 en 8).
7. Torah bevat YHVH se geestelike- en natuurwette. Hierdie wette is deur YHVH daargestel en handhaaf die orde in Sy skepping en hou dit in stand. Die mens wat dus aan hierdie wette gehoorsaam is, sal voorspoedig in alles wees. Torah is eerstens vir die mens se geestelike-, siels- en liggaamlike welsyn bedoel. Gehoorsaamheid aan Torah sal egter ook in die mens se materiële behoeftes voorsien (Deut. 8:18).
8. Vir die gelowige in Yeshua word Torah 'n demonstrasie van leefwyse, naamlik die bewys van 'n uitgeroepene (*ekklesia*) – *wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig* (1 Pet 2:9). Hierdie leefwyse maak duidelike onderskeid tussen YHVH se koninklike priesterdom en die res van die mensdom (wêreld). 'n Torah leefwyse 'sets you apart' as 'n ligdraer in 'n donker wêreld, want die aard en hoedanighede van YHVH word weerkaats.
9. **Opsommend:**
 - Die vrug van geloof is die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias. Die vrug van 'n Torah leefwyse is die seëninge van YHVH. Daarom is geloof en Torah nie teenstrydig nie, maar vorm 'n eenheid in die

wedergebore kind van YHVH. Geloof het nie die werke van Torah vervang nie.

- Deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua word die mens uitgehaal onder die wet en onder die genade ingebring. Nou is die mens in Yeshua dood vir die sonde en Torah dien nie meer die doel om sonde openbaar te maak en die mens aan te kla nie. Die mens is dus nie meer onder die wet (Torah) van sonde en dood nie. Nee, die mens is nou onder die wet van genade wat lewe gee. Torah word nou vir die mens lewe. In Yeshua, en deur die werking van die Heilige Gees in ons, is ons vry van die skuld las en kan ons nou die seëninge van Torah deelagtig word. Yeshua het ons losgekoop van die vloek van die wet (Gal. 3:13)

’N TORAH LEEFWYSE

1. ’n Torah leefwyse behels om te luister na die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH en dit dan nougeset toe te pas. Die beginpunt is geloof, naamlik geloof dat in Yeshua is die aanklagte van Torah uitgewis. Tweedens vereis dit geloof dat Torah die Vader se wil vir elk van Sy kinders is. Op geloof, en as deel daarvan, volg die doen, naamlik die werke van Torah. ’n Torah leefwyse behels die doen, en die nie doen nie, van bepaalde dinge. Hierdie dinge is die onderrig en instruksies van YHVH wat ons in die lig van ons openbaringskennis van die Woord (die leerstellings) met wysheid toepas.

*As jy dan **goed luister** na die stem van YHVH jou God om **sorgvuldig te hou** al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal YHVH jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van YHVH jou God.*

Deut. 28:1 en 2.

*Maar as jy **nie luister** na die stem van YHVH jou God, om **sorgvuldig te hou** al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel **nie**, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Deut. 28:15*

2. Lees Jak. 1:21 tot 25. Hierdie is ’n bevestiging dat ons nie net hoorders van die woord, naamlik Torah, moet wees nie, maar ons moet ook daders daarvan wees. Indien ons net Torah hoor en dit nie doen nie, bedrieg ons, onself.
 - Vers 21: Ons moet ’n sagmoedige, naamlik ’n ontvanklike en leerbare gees hê wat luister na die ingeplante woord – Die Woord van YHVH (Torah) wat in ons verstand gegee en op ons hart geskryf is (Heb. 8:10). Hierdie is die redding van die siel omrede dit die wil, die denke, die redenasie en die emosie rig volgens Vader-God se wil. Deur te reageer op Torah bring ek my siel in ooreenstemming met Vader-God en Sy Woord.

- Vers 22: Ons moet dit wat Torah leer, gaan doen. Ons moet dit nougeset uitvoer en daarvolgens lewe. Indien ons dit net hoor en nie doen nie, dan mislei ons, onself omrede ons sielsredenasies volgens ons wil en nie die van YHVH is nie. Dan rig ons, ons eie geregtigheid op (Rom. 10:3).
 - Vers 23 en 24. Diegene wat net Torah hoor sonder om dit te doen, is soos iemand wat in 'n spiëel kyk en dan weggaan en vergeet hoe hy lyk. Sommige hoor die woord, maar dit maak geen indruk op hulle nie en daarom vergeet hulle dit. Hulle sielsrealm is nog nie 'gered' nie (vers 21). Die waarskuwing aan diegene is vervat in Matt. 7:21 tot 23.
 - Vers 25: Elkeen wat met toegewyde aandag, en wat moeite doen, om na Torah te luister om dit te verstaan en dit dan gaan toepas, sal voorspoedig wees in alles wat hy doen, naamlik in sy werk – die dinge van Torah waarmee hy hom besig hou. Hy word nie geseën vir sy dae nie, maar word **in** sy dae geseën. Elkeen het die keuse (die vryheid) om te kies of hy net 'n hoorder gaan wees en dit dan vergeet en of hy dit hoor om dit te gaan doen. Verwys Deut. 30:19.
3. Lees Jak. 2:14 tot 26. Die mens wat geloof het en wie se werke nie sy geloof bevestig nie, se geloof is nutteloos. Hierdie tipe geloof kan hom nie red nie (Jak. 2:14, 17, 20 en 26).
- Dit is bevestiging dat geloof nie die werke, naamlik die toepassing en uitvoering van Torah, vervang het nie. Werke van Torah opsigself kan die mens nie red nie, maar geloof sonder werke (Torah) kan die mens ook nie red nie. Die twee loop hand aan hand – eers geloof en dan die werke wat die bewys en bevestiging is van dit wat geglo word.
 - Jakobus verduidelik dit aan die hand van hulpverlening aan die wat gebrek het (vers 15 tot 17). Om nie om te sien na die behoeftes van ander is oortreding van die wet (Torah) wat opgesom word om jou naaste lief te hê soos jouself (Matt. 22:37 tot 40). Dit is om lief te hê met woorde, maar sonder die dae wat daarmee gepaard moet gaan (1 Joh. 3:18). So 'n mens se geloof in Yeshua Messias as sy versoening met YHVH is nutteloos, want sy weiering om te doen soos Torah beveel, neutraliseer sy geloof.
 - As bewys van bogenoemde word die voorbeeld van Abraham voorgehou (vers 21 tot 23). Abraham se geloof het gepaard gegaan met werke toe hy die opdrag van YHVH uitgevoer het deur vir Isak te gaan offer. Sy geloof het saamgewerk met sy werke en sodoende het sy geloof volkome geword.
 - *Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?* (Jak.2:24). Die voorbeeld van Ragab is verdere bevestiging hiervan (vers 25).

4. Geloof en werke vorm 'n eenheid. *Net soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood* (Jak. 2:26)

"What labor and pains worldlings take to obtain the vain things of this life – to obtain the poor things of this world, which are but shadows and dreams, and mere nothings! Ah, Christians! what great reason have you to sit down and weep bitterly – that worldlings take so much pains to make themselves miserable – and that you have taken no more pains to get more of Christ into your hearts!" – Thomas Brooks.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Hierdie les bevestig die noodsaaklikheid om te weet wat al die onderrig en instruksies van YHVH is. Elkeen het die verantwoordelikheid om diep insae in die volmaakte wet (Torah) te verkry (Jak. 1:25) en dit dan toe te pas. Wat van gebooie soos die shabbat, die dieetvoorskrifte en ander wat afgemaak word as deel van die ou verbond?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.